DRUK

# My besoek aan Nederland 28 Mei – 23 Junie 2007

deur Floris Brown – Worcester – Suid-Afrika

Baie jare gelede stel Con Januarie van Wolseley my voor aan ’n formidabele vrou en hoof van die Huis der Nederlanden in Pinelands by name Zirkëa Ellis. Ek behou kontak met haar en met elke besoek kry ek gratis leesstof oor Nederland en bou hieruit vir my ’n vriendekring in Nederland op.

1998 ontvang ek ’n skrywe van Mary Vlaming uit Nederland. Sy kuier in haar vakansiehuis in die Strand, Suid-Afrika. Sy het in *Die Burger* gelees van my digbundel *Die Woudmaker* en wil graag een bestel. Ons ontmoet in die studentesentrum op Stellenbosch waar sy my voorstel aan haar vriend Eugene. Ons ruil geskenke uit en bespreek my besoek.

Vóór my vertrek na Nederland kom Hemmy van Rheenen, redaksielid van die koerant *De Stentor*, by ons aan huis vir ’n onderhoud oor my besoek aan Nederland. Hy vra my om ’n gedig oor Harderwijk te skryf nog voordat ek daar aankom. Ek e-pos die gedig, *My hart verloor in Harderwijk*.

Hemmy is skaars weg of Christien en Rinze Starkenburgh kom by ons aan huis met geskenke van Joz Brummans uit Nederland. Hy en Tiny wag vir my en Gloria. Gloria verkies om by die kinders te bly.

Met die toedoen van Zirkëa Ellis, die Van Ewijck Stigting, die Instituut vir Blindes, Marshall en Surina Jeftha, en Gaby en Anton Quenet sien my familie my af op die Kaapstadse lughawe op 28 Mei 2007.

Op Schipol, ontvang Mary Vlaming my met ’n bos tulpe. By haar is Joz Brummans, Stadsdichter van Harderwijk, en sy vriend Joop Krikke. My standplaas sou wees by Mary Vlaming, maar nadat ons hieroor gekoukus het, word daar besluit vir alle praktiese redes, dat ek by Joz en Tiny Brummans sal tuisgaan. By Stadsdennenweg 15 word ek hartlik ontvang deur Tiny en my kamer word aangewys.

Dis somer in Nederland en ek sukkel om gewoond te raak aan die laat sonsondergang en die vroeg wakkermaak deur die merel.

Ek ontmoet Daan de Lange en sy vriendin Miek. Daan is ’n professionele harmonikaspeler en sanger. My eerste optrede van gedigte voorlees en liedjies sing is in die Baars Hotel, Harderwijk. Die middag vooraf het ek, Daan De Lange en Jeffrey Migchelsen, professionle kitaarspeler uit Groningen, ’n oefensessie gehad. Die aand is ’n sukses en die eienaar van



## Aktiwiteite

Vooraanstaande Nederlandse en Vlaamse skrywers, akademici en wetenskaplikes lewer op uitnodiging praatjies oor die Nederlandse en Vlaamse kultuur en gemeenskap in die Huis der Nederlanden.
Kliek **hier** as jy meer daaroor wil weet.

## Nuusbrief

Die HdN se inligtingsentrum hou jou met ‘n tweemaandelikse nuusbrief op die hoogte van die jongste nuus oor die Lae Lande. In die nuusbrief is daar ook inligting oor komende aktiwiteite by die Huis der Nederlanden. Kliek **hier** om op die nuusbrief in te teken.

## Kursusse

Die Kaapse Forum vir Neerlandistiek en die Huis der Nederlanden bied jaarliks Nederlandse kursusse aan. Skryf by ons in vir ’n Nederlandse kursus. Kliek **hier** as jy meer daaroor wil weet.

## Konferensiegeriewe

Die HdN het aantreklike, ruim en goed toegeruste lokale te huur vir konferensies, simposiums, vergaderings, werkwinkels en byeenkomste. Kliek **hier** as jy meer daaroor wil weet.

die hotel oorhandig aan my ’n geskenk.

Ek word soos ’n bedorwe kind behandel deur Joz en Tiny – ook al hul vriende wat ek ontmoet. Tiny is in beheer van alle reëlings wat optredes en vervoer betref. Joz is voorsitter van die kulturele groep APOLLO, en Hemmy van Reenen van *De Stentor* sorg vir mediadekking. Oral waar ek gaan word foto’s geneem en DVD-opnames gemaak, ook van *Oweral is U* – een van my eie Gospel-liedjies waarmee ek alle optredes geopen het.

Met my optrede in die Catharina Kapel gedurende pouse kom tant Tiny op die verhoog en haal so ’n verkreukelde papiertjie uit. Dit is *Die Stem van Suid-Afrika* – al 5 strofes. Sy vra of ek dit nie asseblief vir hulle ná pouse wil sing nie. Ek probeer die akkoorde uitwerk maar dit werk nie. Ná pouse sing ek dit sonder begeleiding, en slegs die eerste strofe. Ek loer toe so onderdeur hoe tant Tiny en haar vriendin ’n traantjie wegsluk.

My gasvrou in Winterswijk is José Overkamp – die moeder van Marlene Konings wat in Suid-Afrika vermoor is. Ek het ’n gedig aan Marlene opgedra *Die Vrou se Poort*.  José doen ’n radiopraatjie oor my besoek op *Radio Gelderland* asook koerantartikels oor my optrede in Winterswijk. Ons besoek Marlene se graf en steek kerse aan.

In Varseveldt ontmoet ek Marjan Hengeveld & Veronie Kramer (van Kramer Boekhandelaars) wat verantwoordelik was vir my optrede. In die kerk ontmoet ek vir Edward, vader van Marlene en ander gesinslede. Ek sing my liedjies en dra die gedig voor waarin ek namens Suid-Afrika om verskoning vra aan Marlene se ouers. Dit is ’n emosionele oomblik van my besoek wat my altyd sal bybly.

My gasheer in Nieuwegein–Utrecht is John Zwart van Hernehim Cultuur. Truush en Jaap vervoer my tot in Amsterdam. John Zwart is ook die gasheer tydens my optrede in Amsterdam in die Indiërbuurt se Openbare biblioteek. Ná die optredes van 15+ digters kry ons elk ’n geleentheidsbloemlesing getiteld *Schoonheid*, waarin een gedig van elk verskyn. Slegs 20 kopieë is gedruk, wat dit ’n versamelstuk maak.

Hemmy van Rheenen vervoer my vanuit Harderwijk na Amsterdam. Artikels oor my verskyn in die *Harderwijker* en ander koerante.

My gasvrou by die Zuid-Afrika Huis in Amsterdam is Corine de Maijer. Hier is prof. Karel Bostoen en sy vrou Nel, wat oor die Paasnaweek in Worcester by ons aan huis was, teenwoordig. Ek ontmoet prof. Ena Jansen, en maak kennis met dosente van die Universiteit Leiden wat my digbundels bestel het. Natasja, student aan die Universiteit Leiden, koop by my een van my haikoe-bundels wat in België vrygestel is. Sy vertel my

dat haar proefskrif gaan oor bruin digters in Suid-Afrika.

Ek kon die Instituut vir Blindes hier bemark deur die Engelse DVD van ons Instituut aan die gehoor by die Zuid-Arfika Huis te vertoon. Verskeie Nederlanders het aangedui dat hulle graag ’n finansiële bydrae wil maak.

Vir twee aande gaan ek tuis by Mary Vlaming en haar vriend Eugene. Ons besoek die Anne Frank Huis, die Van Gogh museum en geniet ’n boortvaart op die gragte.

My spesiale vriend Joop en sy vrou Lydi is die finansiële ondersteuners saam met Joz en Tiny. Joop was die grapmaker wat my altyd laat lag het. As hy my soek, kom hy al by die voordeur in en vra vir Joz of Tiny: “Waar is Jan van Riebeeck se agter-agter-agter-agter-kleinkind?”

In die Vismarktplein-ateljee in Harderwijk neem ek ’n CD op van 14 van my eie gedigte wat ek voorlees terwyl De Tik Orkes (Wim en Dick) die agtergrondmusiek verskaf met dwarsfluit, klarinet en sintetiseerder.

Kulting is ’n kultuurfees in Harderwijk wat jaarliks op 2 Junie plaasvind. Hier het ek en Joz Brummans saam met De Tik in die openbaar in die Hortustuin ons gedigte afwisselend voorgelees.

Dan is daar ook die Harderfees waar elkeen en almal op straat met harders op skinkborde bedien word. Hier moet jy harders eet op die eg Hollandse manier. Dit was nogal lekker met Duitsers wat in die agtergrond vir my sit en lag toe ek my harder met vierkantige blokkies uie eet en afsluk.

Joz en Tiny se kleinkind, Samantha, verjaar en ons is op pad na Friesland. Hul enigste en oudste seun nooi vir my en Joz na die Waddensee. Ons loop oor opdrifsels en sponsagtige grond. Alles hier is sout. Varswaterputte is oral aangelê vir die wilde diere, perde en beeste wat in die ooptes wei. As die see opstoot, vlug die diere na ’n sentrale kamp waar hulle deur vragwaens opgetel word en in veiligheid gebring word. Ons bereik ’n bordjie wat die beginpunt was van die pelgrims wat al langs die kus geloop het vanaf Friesland tot in Portugal.

My voorlaaste optrede is Saterdag 16 Junie met die Tuinfeest aan Huis Apollo. Digters en musikante, oud en jonk, kom van heinde en ver om deel te neem. Almal kom met hul eie instrumente, kitare tromme, ens. Dit is oop mikrofoon: as jy klaar is, gaan ’n volgende persoon of groep spontaan voort. Dit gaan jolig. Ek doen my ding met voorlesing en sang met my eie kitaarbegeleiding. Soms speel ek baskitaar vir andere. Plek-plek kry ek agtergrondsang van die ou tannies wat sommer net die saamsing geniet.

Die middag word ek verras met die onthulling van my gedig *My hart verloor in Harderwijk* teen die muur van Huis Apollo.

Ek moes die onthulling doen onder die Nederlandse vlag, die gedig voorlees en ’n kort toespraak maak. Wat ’n verassing! Emosionele oomblik! Onkant betrap! ’n Stukkie Afrikaans wat toeriste uit Suid-Afrika kan gaan opsoek as hulle sou verlang om weer Afrikaans in die vreemde te lees.

My laaste optrede is in Boxtel. Marlies Mertens van die openbare biblioteek is my gasvrou, en my gasheer is Marcel Linssen betrokke by kultuuropheffing onder die jeug. Twee van my gedigte – *Dier*, vertaal deur Alfred Schaffer, en *Soos jy wil*, vertaal deur Tsead Bruinja – is gepubliseer in hul bloemlesings *Dicht Slam Rap*. Ná my optrede het ek aan ’n jambe-werkswinkel deelgeneem. Marcel neem vir my, Joz en Tiny na die Boxtel Kasteel wat gebou is in 1235.

Ek vertrek terug na Suid-Afrika. Dis lekker om weer by die huis te wees met my voete op tuisgrond en ’n hart verloor in Harderwijk!

Dankie GOD: “Oweral is U.”

Naskrif:
Hierdie besoek het ook meegebring dat ons Breedevallei Dichters die bundel *7de reënboog* kon vrystel op Saterdag 12 April 2008 in George se stadsaal. Hierdie bloemlesing vereer Joz Brummans, Stadsdichter van Harderwijk. 16 Nederlandse digters (my persoonlike vriende) is ook hierin opgeneem. Dit kan bestel word by: FAB-Produksiehuis, Posbus 802, WORCESTER, 6849. Tel. 023-3423140.
**florisbrown@mweb.co.za**